



## In hierdie uitgawe...

Voorblad  
Kerknuus:  
Beroepenuus  
Nuus oor predikante  
Bedieningsnuus  
Advertensies en kennisgewings  
Sinodaal

# eHervormer

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

## Voorblad

### Hulp met skep van kategeseboeke

Tot dusver het min onderwysers gereageer op ons oproep om te kom help met die skep van nuwe kategesemateriaal.

Ons wil graag Hervormde lidmate wat reeds 5 jaar of langer in die onderwys is, daarby betrek. Ons soek spesialiste wat lank vir kinders in een bepaalde fase skoolgehou het, en wat kan help om te verseker dat die lesmateriaal presies op die vlak van daardie betrokke ouderdomsgroep afgestem is. Hierdie onderwysers moet ons help om die lesse in te klee, en ook om die finale les vir die katekisasie te skryf. Daar is 'n vergoeding betaalbaar vir die werk.

Die Raad vir Kategese beplan twee intensiewe werkwinkels by Gemeente Montana. Belangstellende onderwysers moet dit asseblief bywoon:

- 4 en 5 September 2008: Graad 3
- 22 en 23 September 2008: Graad R, en grade 4 tot 10

Kom benut u uitgebreide ervaring en help met die produksie van gehalte hulpmiddels om ons kinders op die uitdagende pad van verantwoordelike Christenwees te plaas.

Stuur asseblief u besonderhede (naam, adres, telefoonnommer, ervaringsvlak) aan dr Hannes Beukes by [hannesbeukes@vodamail.co.za](mailto:hannesbeukes@vodamail.co.za)

#### Kontakbesonderhede:

##### Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -  
[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Hervormer webwerf -  
[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer -  
[www.hervormer.co.za/page03.html](http://www.hervormer.co.za/page03.html)  
Hervormer LIG! -  
[www.hervormer.co.za/page04.html](http://www.hervormer.co.za/page04.html)

##### E-posadresse:

Redaksie -  
[epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za)  
Nuus en berigte -  
[nuus@hervormer.co.za](mailto:nuus@hervormer.co.za)

#### Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

**Die Kerknuus word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.**

#### Teken in op e-Hervormer...

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!


Stuur 'n e-pos na [epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za) of besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die 'Teken in'-opsie.



## BEROEPENUUS

### ► Beroep ontvang

**Ds Stephan Botha** van Klerksdorp-Oos na Declercqville



### ► Beroep aanvaar

**Ds Hannes Janse van Rensburg (jr)**, beroepafwagend, na Brakpan-Harmonie.

## NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Nico van Rensburg** vier op Sondag 31 Augustus sy 50ste jaar in die bediening. Hy is die seun van wyle prof Sarel van Rensburg, voormalige dosent in Nuwe Testament aan UP. Ds Van Rensburg het verskeie gemeentes van die Kerk as predikant bedien. Hy begin sy bediening in 1959 by die kombinasie Bosmansrust/Bloemhof/Makwassie. Hy werk ook vir 'n tydperk in die destydse Rhodesië (Zimbabwe) in die Gwelo-kombinasie en dien in verskeie ander gemeentes daarna. Sy laaste gemeente was Hendrina, waar hy medies ongeskik verklaar is in 1992. In 1993 aanvaar hy emeritaat. In 1995 help hy op versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met die bediening in Gaborone in Botswana, waar 'n aantal lidmate van die NG Kerk wegbreek en 'n eie gemeente vorm onder die opsig van die Hervormde Kerk. Dit is 'n eiesoortige gemeente in die buiteland wat soos Gemeente Nkana in Zambië funksioneer. Nadat die gemeente selfstandig beroep het, het ds Van Rensburg weer vanaf 2007 pastorale werk begin doen by die gemeentes Dordrecht/Queenstown, waar hy tans nog werk.


Ds Van Rensburg lei op Sondag 31 Augustus die oggendediens by Gemeente Noordelike Pretoria. By dié geleentheid sal dr Fanie Pretorius namens die Kommissie en die Kerk groete, dank en gelukwense aan ds en mev Van Rensburg oordra vir hulle werk in die Kerk.

► **Dr Hennie van Deventer**, predikant van Gemeente Pretoria-Oos, het besluit om vanweë gesondheidsoorwegings te emeriteer.

Dr Van Deventer is geneties met 'n vergrote hart met verswakte werking gebore. Dit het oor die jare vererger en lei tans tot erge uitputting en swak werkverrigting. Hy het reeds verskeie operasies ondergaan en die inplanting van 'n interne defibrileerder en pasaangeër is op hom gedoen. Ongelukkig het die toestand van sy hart intussen sodanig versleg dat hy slegs ongeveer 35% van die hart se werkverrigting oor het en konstant met dreigende hartversaking en hartstilstand saamleef. 'n Onlangse poging om sy hart se toestand met 'n ingewikkelde en riskante 'Kateter ablasie vir atriale fibrilasie' te verbeter, het ongelukkig misluk sodat, behalwe die genade van die Here, daar geen verdere opsies nou meer vir hom bestaan nie. Die kardioloog beveel tans 'n verandering in lewenstyl aan waarin hy verkieslik aan geen emosionele stres en spanning blootgestel word nie. Dit kan meebring dat hy nog heelwat goeie jare saam met sy vrou, kinders en kleinkinders kan deurbring en steeds in die Kerk as lidmaat aktief betrokke kan wees.

Onlangs is ook prostaatkanker by hom gediagnoseer. Hy het sewe weke lank daagliks radioterapeutiese bestraling ontvang. Eers teen die middel van November 2008 sal dit bekend wees hoe suksesvol die behandeling verloop het.

[Terug na Voorblad](#)



► **Dr Christo van der Merwe** se skoonmoeder is onlangs oorlede. Meelewing word met hom en sy vrou, Rita, betuig. Die Kerk word versoek om in hulle gebede aan die gesin te dink.

► **Ds Milankie van der Walt**, wat vir 'n tydperk met voltydse studieverlof was, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek om haar studieverlof te beëindig en haar beroepbaar te stel in die Kerk. Die enigste ander predikant wat tans nog met voltydse studie besig is, is prop Hendrik Breytenbach wat in Duitsland studeer.

► **Ds Douw Steyn** het onlangs 'n hartklepvervangingsoperasie ondergaan by die Flora Kliniek. Alles het goed afgeleef en hy sterk tans in die intensiewesorging aan.

► Die Kommissie van die AKV behandel die volgende **aansoeke om emeritaat** by sy vergadering op 11 September:

- Prof Alex Antonites emeriteer einde September
- Dr Gerrie Bloem emeriteer einde September
- Ds WP Prinsloo emeriteer einde Oktober
- Ds Wilhelm Steyn emeriteer einde Oktober
- Dr Hennie van Deventer emeriteer einde Oktober
- Ds Connie Pieterse emeriteer einde November

### ► **Predikantevergadering 2008**

Alle predikante, emeriti en professore word uitgenooi na die jaarlikse Predikantevergadering:

Datum: 17 September 2008 vanaf 08:00

Plek: Kerkgebou van Gemeente Swartkop, Irelandaanverlenging, Eldoraigne

Tema: Span jou seile en pak die storm

Koste: R70 per persoon (ete ingesluit)

Gemeenteleiers mag die vergadering ook bywoon. Verskonings moet skriftelik aan die sekretaris van die Predikantevergadering, ds Johan Bester, gestuur word.

## **BEDIENINGSNUUS**

■ **Gemeente Witpoortjie is op 7 September vanjaar 50 jaar oud.** Die program vir die naweek van 5 tot 7 September sien soos volg daaruit:

### **5 September vanaf 18:00**

- Kampvuorgeselligheid met kunstenaars

### **6 September vanaf 08:30 tot láát**

- Karnaval, stalletjies, speletjies, kunstenaars en musiek
- Osbraai vanaf 14:00


### **7 September van 11:00 tot 13:00**

- Erediens: Ds Martyn Redelinghuys
- Nagmaalbediening: Vorige leraars en ds Andries Nel
- Vingerete om 13:00

**Skakel met ds Andries Nel by 011 762 1633 of 083 228 2338 vir meer inligting.** Die kerkraad is ook op soek na inligting oor die eggenote van wyle ds Harm Bolsenbroek, en eggenote of familie van ds Johan Swanepoel. Is daar iemand wat ds Andries Nel in dié verband kan help?



**Kerkgebou: Gemeente Witpoortjie**



■ **Dr Gert Malan** is tans in **Paraguay**, waar hy Afrikaanssprekende lidmate van die susterkerke besoek. Hy het reeds op 9 Augustus vertrek en op 27 Augustus teruggekeer. Hy is vergesel deur sy vrou, wat onder meer ook met die vrouelidmate kommunikeer. 'n Kort verslag oor die besoek sal later in die nuus deurgegee word.

■ **Gemeente Bloemfontein** besin tans oor die vul van die pos vir studentebearbeiding. Die pos is vakant sedert ds Charl Greeff medies ongeskik verklaar is. Die gedagte is om die vakante standplaas te vul voor die einde van 2008 sodat die nuwe predikant vroeg in die nuwe jaar met sy of haar werk kan begin.

■ **Gemeente Paarl** het besluit om sy kerkgebou te restoureer. Volgens ouderdom bereken, is dit seker die oudste kerkgebou waaroor die NHKA beskik. Daar word tans beplan hoe om geld bymekaar te maak om die projek aan te pak. Uiteindelik sal gemeentes van die Kerk versoek word om ook 'n bydrae te maak. Meer inligting sal later na die Kerk deurgegee word.

#### ■ **God werk met mense deur mense!**

Op 4 Augustus 2008 is 'n droom bewaarheid. Dit is die begin van 'n nuwe era vir sekere kinders, 'n weer begin of, as jy wil, 'n nuwe fase in die lewens van kinders wat voorheen die voorreg van skool toe gaan ontnem is. Vir 'n klein groepie kinders uit die duisende in en om Pretoria wat nie toegang tot 'n skool het nie, het dinge begin verander. 'n Dun strepie helder lig het begin skyn in 'n andersins donker wêreld. Maandagoggend is vroeër as gewoonlik opgestaan en vir die eerste keer in hulle lewe het 'n klompie kinders reggemaak om skool toe te gaan. Die maatjies was opgewonde en het met verwagting in die oë gekyk wat volgende sou gebeur. Vrae soos *Wie is die juffrou? Wat is die skool se naam? Hoe laat is pouse? Hoe laat gaan ons huis toe?* en baie meer het opgeklink.

Tydens die opening is die eregaste, waaronder lede van die Kommissies van die AKV en ADV, die Sekretaris vir SENTIK, oudminister van minerale sake, mnr Danie Steyn, en die departementshoof en 'n onderwyser van Unifees Laerskool verwelkom. Die departementshoof het vertel van reëls en regulasies en wat by die skooltjie kan en nie kan nie. Kommer is uitgespreek oor die voortbestaan en die volhoubaarheid van die skool. 'n Ander spreker het mense verseker dat daar 'n verbintenis bestaan tussen gemeentes, kerke in die breër familie, privaatinstanties, individue, onderwysers en ander wat hulle totaal verbind het tot hierdie projek. Daar is soveel mense wat lank gebid en gewag het dat hierdie dag moes aanbreek, en noudat dit gebeur het, sal God ook almal lei sodat die werk kan voortgaan.

Die projekteier het die kinders toegesprek en die skryfbord gebruik om aan hulle te wys hoe dit lyk aan die donker kant van 'n berg. Daarna het sy 'n son met sterk lyne geteken en vertel hoe die berg geleidelik ligter word en die donker wegdryf, totdat die hele berg verlig is. Sy het vertel wie hierdie Lig is en wat dit vir die mense van Sonheuwel beteken. Die belangrikste is egter wat hierdie Lig vir kinders in die toekoms gaan beteken.

Die oggend is afgesluit met heerlike warm koffie, tee en eetgoed wat deur die NHSV voorberei is. Wat nou oorbly, is om skouer aan die wiel te sit en met die oog gerig na bo die droom te bly nastreef.

#### ● **WELTEVREDEN VIER FEES EN NEEM AFSKEID**

Gemeente Weltevreden (Roodepoort) vier op Sondag 9 November 2008 haar 25-jarige bestaan. By dieselfde geleentheid neem die gemeente ook afskeid van dr Wouter van Wyk, wat die sinodale benoeming as Sekretaris vir SENTIK aanvaar het. Dr Van Wyk was die afgelope 16 jaar deelyds predikant van die gemeente. Die verrigtinge begin om 11:00 met dr Van Wyk se afskeidspreek en die gemeente se Nagmaalviering saam met die ander predikante van die gemeente, dr Johann Beukes en ds Elsie Pretorius, en 'n vorige predikant van die gemeente, dr Kobus van Biljon. Na afloop van die erediens hou die gemeente saam spitbraai op die terrein. Oudlidmate en ander belangstellendes word genooi om die geleentheid by te woon, maar moet asseblief nou reeds met diaken Ria J van Rensburg kontak maak, omdat die gemeente moet weet vir hoeveel gaste hulle moet gereedmaak. Ria se kontaknummers is 011 679 3830 en 083 302 0858.

[Terug na Voorblad](#)



## ● Gemeente Hazyview – Kerkgebou



Die gemeente is op 9 Augustus 1992 gestig, nadat sowat 78 lidmate wat in Hazyview en omgewing woon, van Gemeente Witrivier afgestig het. 'n Kombinasie is met Gemeente Sabie gevorm.

Aanvanklik het die gemeente ongekende groei beleef en daar was teen 1998 sowat 150 lidmate. Eredienste is in die Metodistekerkgebou gehou en is later verskuif na die saal van Laerskool Numbi, waar eredienste steeds gehou word. Vroeg reeds het die gemeente besluit om 'n kerkgebou op te rig en daar is begin soek na 'n geskikte plek. Uiteindelik is 'n geskikte stuk grond in die woongebied gevind en van die dorpsraad aangekoop in 1998. Kort daarna is die gemeente egter grootskaals geraak deur grondeise en herstrukturering in die Kruger-wildtuin, wat lidmaattalle laat krimp het met ongeveer die helfte in 'n baie kort tydjie. Met die krimpende lidmaattalle het oorlewing van die gemeente die oorhand oor die oprigting van 'n kerkgebou gekry. Lidmaattalle het steeds gedaal en sowat 5 jaar gelede gestabiliseer op sowat 55.

So het 2008 aangebreek en deur 'n groot skenking van boumateriaal het dit weer moontlik geword dat die gemeente kon begin dink aan die oprigting van 'n kerkgebou. Aangesien 'n groot gedeelte van die boumateriaal geskenk is, en heelwat kontantskenkings ontvang is, het dit moontlik geword om eindelijk met die oprigting van die gebou te begin. Bouwerk het in Junie 2008 begin en behoort teen die einde van September 2008 afgehandel te wees.

Die gemeente het reeds begin beplan vir meubels, onder andere stoele, die kombuis en konsistorie, asook die algemene afwerking van die gebou. Daar heers groot optimisme in die gemeente. Indien u betrokke wil raak of 'n skenking oorweeg (veral oudlidmate of vriende), maak asseblief kontak met die skriba.

André du Preez: Skriba  
Gemeente Hazyview  
Posbus 140, Hazyview 1242  
Tel/faks: 013 737 7270  
Sel: 083 277 0917  
E-pos: [nkhazyview@telkomsa.net](mailto:nkhazyview@telkomsa.net)

## Advertensies en kennisgewings

● Gemeente **Springs-Oos** hou basaar op Vrydag 29 Augustus vanaf 15:00 en Saterdag 30 Augustus vanaf 08:30.

**Tema: Elkeen se talent**  
**Plek: Driehoek – Lodeyko**

[Terug na Voorblad](#)



Hierdie basaar bied kos om van te kies en te keur, 'n kleuterkompetisie, sterkmanne, verfbal, Mej en Mnr Lente, 'n kampvuurfees, 'n kinderspeelpark, 'n teetuin, speletjies, 'n babakompetisie en 'Big screen Wii'.  
**Sien julle daar!**

● **Aansoeke word ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**

Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger vir ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

**NAVRAE**

Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

**AANSOEKE MET CV VOOR 31 AUGUSTUS 2008 AAN**

Die Mannekragbestuurder

Mnr P Beukes

Posbus 2368

**PRETORIA**

**0001**

● **DIEPSEE HENGELVAKANSIE IN 'TOFO' MOSAMBIEK**

4 persone 7 dae, die volgende ingesluit:

Vervoer vanaf Koster/Pretoria na Tofo en weer terug, etes, verblyf, boot en stokke vir hengel.

Datum aanpasbaar by die wenner. Bring sakgeld en paspoort. Kaartjies slegs R50.

Trekking 6 September 2008.

Aangebied deur Gemeente Koster

Kontak: Koos Vorster 072 403 2518

Martin Vorster 082 874 7642

Prys ter waarde van ongeveer R30 000!!!!

● Die **NHSV van Wonderboompoort** bied 'n musiekkonsert met die Oorwinningskinders aan op 29 Augustus om 19:00 in die NG Kerksaal Magaliesfort, Killicklaan, Mayville, Pretoria. Kaartjies kos R60, wat 'n ete insluit. Fondse word aangewend vir jaarlikse barmhartigheidsuitbetalings. Kontak Giesela Schwarzer by 083 709 9808 of 012 335 4181.


● **Gemeente Witfontein (Pretoria-Noord) bied op 6 September 2008 Delwersfees 2008 aan** op die kerkerrein (hv Stasie- en Deetlefsstraat in Pretoria-Noord).

Hierdie jaarlikse fees fokus op die gedelf na kontantskatte van R10 000, R5 000, R2 500 en 'n hele klompie troospryse van R500. Delwersertifikate is vooraf beskikbaar teen R20 stuk by ds Jimmy Manders (083 254 4771) of kan op die dag van die basaar aangeskaf word voor 13:00, wanneer die delwerye sal sluit.

Terwyl gedelf word, is daar baie vermaak vir oud en jonk. Leon Ferreira, bekende gospelsanger, tree op om 10:00. Vir dié wat baie honger is, is daar 'n knewel van 'n Delwersontbyt, met die tradisionele kaiings en pap gekombineer met baie ander ontbythappies. Alles wat op 'n basaar te vinde is: vleiswinskope, witolifantverkoping, speelgoedtafel, koeke en tert, poeding, groente, skyfskiet, blaaspyp en nog baie meer.

Daar vind 'n toutrekkompetisie plaas om 09:00. Reëls vir spanne van 8 wat wil inskryf, is ook verkrygbaar by ds Jimmy Manders. Daar is 8 verskillende kategorieë en spanne moet bestaan uit 8 lede. Wenners in elke kategorie kan vir hulleself delwersertifikate lostrek ter waarde van R800, dus R100 se sertifikate per deelnemer. Dit kan jou in staat stel om dalk die groot prys van R10 000 raak te delf. Kategorieë is Laerskoolseuns, Laerskooldogters, Hoërskoolseuns, Hoërskooldogters, Jongmanne (19 tot 39 jaar), Jongdames (19 tot 39 jaar), Outoppies (40 jaar en ouer) en die Outannies (40 jaar en ouer).

Hierdie is 'n basaar in die stad wat jy nie durf misloop nie. Vir meer inligting kontak Ferdie Lubbe (082 552 3944) of Dries Joubert (082 5812142).



● **Dagboek van Dirk Postma: Reisjoernaal en Memoriaal (21 Maart 1858 tot 12 Julie 1890)**

Dirk Postma het 150 jaar gelede die leiding geneem met die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Die vertaling en publikasie van sy dagboek maak dit nou moontlik om Postma **se eie woorde en gedagtes** oor hierdie besondere gebeure te lees!

Die *Dagboek van Dirk Postma* bied boeiende en opbouende leesstof vir alle Gereformeerdes en persone wat in die kerkgeskiedenis belangstel. Dit kan ook vir gevorderde katkisasieklasse gebruik word.

**Vertaal en versorg deur:**

**WIM VERGEER & JANET DU PLOOY**

**Normale prys:** R120 per eksemplaar

**Voorafbestellings:** R100 per eksemplaar

**Bestel vanaf:** **West Rand Office Services (WROS)**


Posbus 5321

Wes-Krugerdsdorp

1742

**E-pos:** [info@wros.co.za](mailto:info@wros.co.za)

**Faks:** 086 632 9455



● **Gemeente Zuurfontein (Kemptonpark) hou van 28 tot 31 Augustus 'n Lof- en Jubelfees.**

28 Aug: Kosmark met wegneemetes

29 Aug: Bybelse proeaand

30 Aug: Jubelfees met kunstenaars

31 Aug: Dankdiens en Nagmaal met kantory en instrumente

Kom en geniet hierdie spesiale naweek saam met ons as gemeente.

Vir meer inligting skakel ds Sanet van der Walt by 079 882 7026 of die gemeentelike kerkkantoor by 011 975 4114.

● **GEMEENTE THERESAPARK 25 JAAR OUTYDSE FEESBASAAR 5 & 6 SEPTEMBER**

HV SPRINGBOKSTR & CROCODILEWEG, THERESAPARK

WEN VAKANSIE VAN R10 000. PRYSTREKKING 12:00.


**VRYDAG 5 September 16:00**

- BOEREORKES
- ANTIEKE UITSTALLING
- BOERESPORT
- SMULLEKKER KOS

**SATERDAG 6 September 07:30**

- PRETLOOP – 3 KM – 07:30
- KERKBASAAR
- UITSTALLING
- AFVAL

Navrae : 012 542 1321/012 542 3568



● **Die Christelike Seemansorganisasie beskik oor 'n voltydse pos vir 'n sendingwerker in die Richardsbaaihaw.**

POSVEREISTES

Kandidate moet -

- verkieslik 'n geordende predikant wees, maar kan ook 'n gewese predikant of voornemende predikant (proponent) wees;
- die formuliere van eenheid van die kerke van die Reformasie heelhartig onderskryf;
- voldoen aan die opleidingsvereistes wat sy eie kerkgenootskap stel aan bedienaars van die Woord; en
- 'n bewese opleiding en praktiese ondervinding in die sendingveld hê.

VAARDIGHEDE

Kandidate moet -

- die vermoë hê om buite die grense van die eie kerk te werk;
- sonder voorbehoud vertrou kan word om op sy eie, sonder toesig, te werk;
- vlot wees in Engels;
- 'n empatiese ingesteldheid hê jeens seevaarders en hulle unieke behoeftes;
- in staat wees tot geesdriftige volharding met die evangeliebediening aan seelui ten spyte van die afwesigheid van sigbare resultate; en
- plooibaar wees en bereidwillig om ook aan ander opdragte van die CSO uitvoer te gee, naas die daaglikse sendingtaak, soos nodig geag deur die CSO.

'n Markverwante vergoeding met 'n vervoertoelaag en mediesefondsbystand word aangebied.

Rig volledige CV's aan [wimpie@nhk.co.za](mailto:wimpie@nhk.co.za)

Vir meer inligting kontak:

Dr Wimpie van Schoor 083 255 5299

**Sluitingsdatum: 31 Augustus 2008**

● **LOSLITDAG 5 SEPTEMBER 2008**

Die organiseerders van Loslitdag herinner almal om 'n plakker te koop vir Loslitdag, wat vanjaar op Vrydag 5 September gevier word. Trek gemaklik aan, dra u plakker, en wys so dat u omgee vir mense met gestremdhede. Koop u plakker by enige tak van ABSA of Game, of skakel mej Karin du Toit van Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) by 012 320 7644.




● **Die Pretoria Manskonvensie** gaan op 18 Oktober 2008 by die Groenkloofkampus se Ouditorium (Universiteit van Pretoria) aangebied word.

Hierdie is 'n Christelike oggend-middag Manskonvensie om mans toe te rus met die Woord en te motiveer vir die evangelie. Die onderwerp vir die dag gaan wees: *Afhanklik van die Here*. Daar gaan sewe Woordgetroue sprekers deelneem, onder andere uit die Gereformeerde Kerke, NG Kerk en Hervormde Kerk. Middagete en tee/koffie tussen breuke gaan voorsien word.

'n Pamflet is by [www.christenkonvensies.co.za](http://www.christenkonvensies.co.za) beskikbaar.

Bespreek deur [www.computicket.com](http://www.computicket.com).



## ● VAKANTE POS: ORRELIS

Gemeente Pretoria-Tuine benodig die dienste van 'n orrelis wat vir die volgende verantwoordelik sal wees:

- Begeleiding tydens oggenddienste
- Begeleiding tydens aanddienste (Januarie-Mei en Augustus-September)
- Afrigting van 'n sanggroep

Vergoeding teen voorgestelde skale. Aanvaarding so gou moontlik.

Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of [andre.botma@telkomsa.net](mailto:andre.botma@telkomsa.net)

● **Gemeente Wonderboompoort** in Pretoria rig hiermee 'n uitnodiging vir aansoeke om die volledig-versorgde vakante standplaas te vul.

Die gemeente se bedieningsplan is tans in hooftrekke gefokus op die volgende:

- Jeugbediening
- Gemeentelike instandhouding en -uitbouing
- Geestelike versorging van seniorburgers
- Hospitaalbediening

Die gemeente bestaan tans uit 690 lidmate, waarvan 570 belydend is. Die gemeente beskik oor 'n pastorie langs die kerkgebou wat tot beskikking van die predikant is. Belangstellendes moet asseblief 'n bekendstellingsbrief en CV vir oorweging stuur aan: Oudle Phillip Bester by [phillip\\_bester@vodamail.co.za](mailto:phillip_bester@vodamail.co.za) en Sieg Schwarzer by [siegfrieds@telkomsa.net](mailto:siegfrieds@telkomsa.net). Verdere inligting kan ook aangevra word by bogenoemde e-posadresse. Aansoeke sluit op 7 September 2008.

## ● Gemeente Zuurfontein: Vakante standplaas: Voltydse bediening

Die voltydse standplaas van Gemeente Zuurfontein is sedert die afsterwe van ds Chris van den Berg vakant. Ds Sanet van der Walt is in die deeltydse standplaas werksaam. Die gemeente is tans besig om te besin oor die uitleef van haar roeping as kerk in 'n nuwe lewensfase en die spesifieke konteks waarbinne sy kerk wil wees. Die gemeente wil graag einde September vroeg Oktober 'n beroep uitbring en nooi geordende predikante van die Kerk wat 'n beroep na hierdie gemeente sou oorweeg om hulle name aan die skriba van die gemeente deur te gee met die oog op die samestelling van 'n groslys.

Die kerkraad sal 'n kortlys saamstel en 'n volledige uiteensetting van die profiel van die gemeente en bedieningsplan aan die predikante beskikbaar stel.

Predikante wat belangstel, word versoek om voor 15 September 2008 hulle name en kontakinligting en besonderhede van hulle bedieningservaring aan die skriba deur te gee.

Die Skriba  
Oudl Eddie Huggett  
Telnr: 079 895 6102  
e-pos: [Eddie@smithpower.co.za](mailto:Eddie@smithpower.co.za)

# Sinodaal

■ Die Kommissie van die AKV voer op 11 September gesprek met die bestuur van die **HCM Fourie Stigting** na aanleiding van 'n memorandum wat deur die stigting ingehandig is as basis vir die gesprek. Ringsvergaderings het reeds inligting daarvoor aangevra. Die Kommissie sal na afloop van sy vergadering verslag doen aan kerkrade.

[Terug na Voorblad](#)



■ By sy vergadering op 11 en 12 September sal die Kommissie die eerste verslag van **to care** behandel nadat die konstitusie goedgekeur is en gesprek met alle rolspelers gevoer is. Die eerste Direksie van **to care** sal ook saamgestel word.

■ Die eerste skriftelike **bilaterale ooreenkoms** tussen die Hervormde Kerk en die NG Kerk sal tydens die Kommissie se vergadering in September gefinaliseer word. Twee dokumente dien as basis. Die eerste is opgestel deur dr Malan Storm en dr Johan Ernst (NGK), en die tweede, meer vanaf die kant van die TKR, deur dr Daan van Wyk (jr), tans voorsitter van die TKR, en dr Kobus Gerber, sekretaris van die NGK.

■ Die Kommissie van die AKV begin reeds by sy Septembervergadering beplan vir die benoeming van 'n **redakteur vir Die Hervormer**. Prof Piet Geysler emeriteer aan die einde van Januarie 2009. Die Raad vir SENTIK sal name van geskikte kandidate aan die Kommissie voorlê.

■ Die Hervormde Kerk se gesinstydskrif *Konteks* het nou weer sy eie webblad. Na 'n lang afwesigheid weens tegniese probleme, is [www.konteks.co.za](http://www.konteks.co.za) nou lewendig en kan webgebruikers elke maand 'n voorsmakie kry van wat in die publikasie aangebied word. Besoek die webtuiste nou en lees meer oor die Septemberuitgawe van *Konteks*.

#### ■ **Fonds vir Gemeenteopbousubsidie**

Dit is weer tyd om aansoek te doen vir subsidie uit die Fonds vir Gemeenteopbou. Gemeentes word daaraan herinner dat aansoekvorms SLEGS na ringskribas versend word. Dit is die verantwoordelikheid van die ringskriba om die aansoekvorms te versprei aan gemeentes binne die ring wat wil aansoek doen om subsidie. Indien u as gemeente graag wil aansoek doen om subsidie, moet u asseblief u ringskriba kontak. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2008.

#### ■ **Teologiese Opleidingsfonds**

Twee deurkollekte word jaarliks onder andere aan die Teologiese Opleidingsfonds afgestaan, naamlik dié van die laaste Sondag van Augustus en die eerste Sondag van September. Vanjaar is dit 31 Augustus en 7 September 2008.

#### ■ **Let asb op die volgende deurkollektedatum vir 2009:**

1 Maart 2009: DPS-stelsel

31 Mei 2009: Kinder- en gesinsorg. Hierdie deurkollekte val saam met Internasionale Kinderbeskermingsweek.

20 September 2009: Bejaardes. Hierdie deurkollekte val saam met die Internasionale Maand vir Bejaardes.

15 November 2009: Algemene Diakonalefonds, wat aangewend word om hulp te verleen waar nodig.

